

Hoofstuk 5 Die vyfde geslag Swanepoels tydens die Anglo-Boereoorlog tot 1906

(Kyk na addenda A tot D vir die stamregisters agter)

5.1. Inleiding

Die sigbaarheid en rol van die vyfde geslag van die geselekteerde Swanepoels se betrokkenheid tydens die Anglo-Boereoorlog en die tydperk tot 1906 in die noordwestelike deel van die land (Lichtenburg) is nie in bestaande literatuurstudies aangeteken nie, derhalwe fokus hierdie hoofstuk op die uitbreiding en boekstaving van beskikbare historiese en genealogiese inligting oor die tydperk. Die oorlogsaktiwiteite sal ook kortliks beskryf word om perspektief op hulle omswerwinge, leefstyl en betrokkenheid voor, gedurende en kort na die Anglo-Boereoorlog te kry.

Die Swanepoel-familie, is swaar deur die oorlog getref. Hele gesinne se samestelling is verander deur die impak van die oorlog en die konsentrasiekamp-beleid. Gesinne is geografies ontwortel en kinders wie se ouers op die slagveld gesterf het, was aangewese op die goedhartigheid van familielede. In totaliteit kan die effek van die oorlog op die volksgees, en dié familie nie werklik bereken word nie.

Een van die redes vir die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was die ontdekking van diamante in 1867 en goud in 1886.³⁴⁵ Dit het 'n invloed op die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad. Die beheptheid van die Britte met die nuutgevonde rykdom in die land, was die motivering vir verskeie oorloë en spesifiek, die Anglo-Boereoorlog in 1899.³⁴⁶ Die gebeure in hierdie era in die Wes-Transvaal (Noordwes) sal in meer besonderhede beskryf word omdat die Swanepoels toe reeds daar gevestig was. Generaal Koos De la Rey, 'n inwoner van Lichtenburg, het 'n groot rol in gevegte in Noordwes gespeel

³⁴⁵ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974*, p. 142.

³⁴⁶ C.F.J. Muller (reds.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp. 324-333.


en derhalwe is daar op sy bydrae tydens die oorlog gefokus.³⁴⁷ Die oorlog en sy invloed op gewone mense, soos die Swanepoels, is nagevors en relevante geskiedkundige gebeure is met basiese data van die geslagsregister geïntegreer.

Hierdie hoofstuk ondersoek die invloed van historiese kernmomente op hierdie geslag Swanepoels en daar sal spesifiek gelet word op:

1. Die rol en invloed van die Britse imperialisme, die verloop van die oorlog, geestesingesteldheid van die Boere na die lyding en verliese van die oorlog en die heropbou van die gemeenskap.
2. Die ondertrouery van familieleden, die hereniging en -samestelling van gesinne.
3. Christelike meelewing gedurende 'n tydperk van saamstaan, maar ook konfrontasie in die gemeenskap a.g.v. verwikkelinge op die kerklike en politieke front.
4. Kulturele ontwikkeling as Afrikaners binne die raamwerk van nasionalisme en die ontwikkeling van Afrikaans as samebindende gemeenskapsfaktor.

³⁴⁷ J.P. Botha, Afrikaner Volksparty-webblad, "*Uit die wakis (7), Generaal Koos De La Rey*" by http://afrikanervolksparty.org/index.php?option=com_content&view=article&id=2091%3Auit-die-wakis-7-generaal-koos-de-la-rey&catid=100%3Auit-die-wakis&Itemid=290&lang=af, 28 Julie 2012.

Stamregister van Pieter Jansz Swanepoel en vyf nageslagte (Kyk addenda A tot N)



Figuur 70: Die vyfde geslag Swanepoels

5.2. Die verloop van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die vestigingsgebied van die Swanepoels

Die leiers van die Zuid-Afrikaanse Republiek (hierna genoem die ZAR) het 'n ultimatum aan die Britse regering gestel en geëis dat daar voor 11 Oktober 1899 aan drie voorwaardes voldoen moes word, naamlik dat geskille tussen Brittanje en Transvaal deur middel van arbitrasie besleg moes word, die Britse troepe op die grense verwyder moes word en dat geen verdere Engelse troepe in Suid-Afrika aan wal gesit mag word nie. Die ultimatum aan Brittanje het egter verstryk sonder dat daar 'n ooreenkoms bereik is en daar is oorlog teen Brittanje verklaar. Vanaf 11 Oktober 1899 tot met die Vrede van Vereeniging het die ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrystaat oorlog teen die Britse Ryk, insluitend die Kaapse en Natalse Kolonies van Groot Brittanje, gevoer.³⁴⁸ Die saak van die Boererepublieke teen die magtige Britse oorlogsmasjien het simpatie wêreldwyd gewek. Franse, Hollanders, Russe, Duitsers, Amerikaners, Italianers, Skandinawiërs en Iere het hulp aan die Boere verleen.³⁴⁹

Die getal manskappe aan die Boerekant het baie gewissel en was dikwels minder as twintig duisend terwyl hulle in vyandelike gebied was. Kommandant-generaal Piet Joubert was hoof van die militêre offensief tydens die oorlog.³⁵⁰ Die Volksraad het Piet Cronjé, Schalk Burgher, Lucas Meyer, Daniel Erasmus en Jan Kock aangestel om hom te ondersteun. Later is Sarel du Toit, Hendrik Schoeman, Koos De la Rey, Hendrik Snyman en Herman R. Lemmer ook by die militêre leierskap betrek.³⁵¹

³⁴⁸ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 407-409.

³⁴⁹ H.C. Hillegas, "With the Boer Forces" by <http://www.gutenberg.org/files/16462/16462-h/16462-h.htm#chapter9>, p. 257, 5 November 2011.

³⁵⁰ Anon., SAHO-webwerf, "Generaal Piet Joubert, hoof van die militêre offensief" by <http://www.sahistory.org.za/people/piet-joubert>, 28 Julie 2012.

³⁵¹ H.C. Hillegas, "Boerevolk van Suid-Afrika" by <http://www.freewebs.com/boeretrooskoerant/geskiedenishistory.htm>, p.257, 5 November 2011.



*Figuur 71: Kommandant-generaal Piet Joubert*³⁵²

Joubert, het sy vertroueling en vriend in die Volksraadslid vir Lichtenburg, Koos De la Rey, op 21 September 1899 meegedeel dat oorlog met Brittanje onvermydelik was. Op daardie stadium was De la Rey in Pretoria vir 'n sitting van die Volksraad. Generaal De la Rey het tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog van 1880-1881, onder die bevel van generaal Piet Cronjé, deelgeneem aan die beleg van die Britse fort op Potchefstroom. As transportryer, landmeter en naturellekommissaris het De la Rey goeie kennis opgedoen van die Noordweste se veld, iets wat sou bydra tot sy latere sukses as bevelvoerder. Hy is in 1885 tot kommandant vir Lichtenburg en in 1893 tot lid van die Eerste Volksraad verkies. Joubert het bevel aan die verskillende kommandante gegee om hulle burgers vir krygsdiens op te roep en na aangewese punte op die grense te bring.³⁵³ Slegs 60% van alle dienspligtige burgers in die ZAR is op hierdie stadium opgeroep, aangesien die boerdery en ander bedrywighede moes voortgaan. Vyf dae later het die Vrystaat ook begin mobiliseer. Danksy die doeltreffende telegraafstelsels van die twee Republieke kon die bevele vinnig uitgevoer word en op 29 September was die ZAR-kommando's gereed om na die grense te vertrek.

³⁵² Anon., SAHO-webwerf, "Kommandant-generaal Generaal Piet Joubert" by <http://www.sahistory.org.za/people/piet-joubert>, 29 Julie 2012.

³⁵³ C. Pretorius, "Ds. J.A.C. van Belkum (1851-19330, Nestor van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika, 'n Teologiese – Historiese studie", proefskrif, ingehandig om te voldoen aan die vereistes van die graad Doctor Divinitatis, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria, p. 117.

Die meeste kommando's van die Noordweste was reeds op 5 Oktober 1899 by hulle onderskeie bymekaarkomplekke en gereed vir aksie.



*Figuur 72: Lichtenburgers net voor die uitbreek van die oorlog*³⁵⁴


Die Boere-aanvoerders het besef dat hulle eerste sou moes aanval voordat daar meer Britse versterkings vanaf Brittanje arriveer. Lord Methuen het die Boere oorrompel by Belmont, Graspan en Modderivier, maar die Boeremagte het hom op 12 Desember 1899 by Magersfontein verslaan.³⁵⁵ Die betrokkenheid van die Swanepoels mans en die mans van die Swanepoel vroue word later in hierdie hoofstuk beskryf.

³⁵⁴ Lichtenburg Museum-webwerf, "*Lichtenburg kommando*" by <http://home.intekom.com/lichtenburg/inlei1-a.htm>, 3 Februarie 2011.

³⁵⁵ J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, pp.86-89; A.J.H.van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 413-414.



Figuur 73: Die sentrale streek van Noordwes waar die gevegte plaasgevind het ³⁵⁶



Figuur 74: Jacobus Herculaas De la Rey ³⁵⁷

³⁵⁶ South African accommodation directory, “Die sentrale streek van Noordwes waar die gevegte plaasgevind het” by <http://www.roomsforafrica.com/dest/south-africa/north-west/regions/central-region.jsp>, 15 Februarie 2011.



Figuur 75: 'n Gedeelte van die Lichtenburg Kommando in 1896 op die dorpsplein ³⁵⁸

Die veggeneraals vir die onderskeie kommando-afdelings in Noordwes, soos wat die geval was vir die ZAR, is deur die kommandant-generaal aangestel. Die kommandante en veldkornette was die reeds dienende offisiere.³⁵⁹ De la Rey is as veggeneraal vir die Lichtenburg-Marico-afdeling deur Joubert aangestel. Die twee dienende kommandante, H.C.W. Vermaas van Lichtenburg en T.D.L. Botha van Marico, moes aan hom rapporteer. Generaal Joubert het egter op 21 September vir De la Rey ook in 'n addisionele pos as die van adviseur vir Generaal Cronjé aangestel.³⁶⁰

Kommandant-generaal Piet Joubert en generaal Cronjé het nie langs dieselfde vuur gesit nie en Joubert het ernstige bedenkinge gehad oor die voortvarende en hardkoppige Cronjé. In

³⁵⁷ S.Lunderstedt, *From Belmont to Bloemfontein, Diamond Fields Advertiser, Mei 2000* "Jacobus Herculaas De la Rey op kommando" by http://af.wikipedia.org/wiki/L%C3%AAer:Koos_de_la_Rey.jpg, 12 Maart 2011.

³⁵⁸ Lichtenburg Museum-webwerf, "*Lichtenburg Kommando op dorpsplein 1896*" by <http://home.intekom.com/lichtenburg/inlei1-a.htm>, 12 Februarie 2011.

³⁵⁹ J. J. Retief, *Military History Journal*, vol. 9, No 5 - Junie 1994: "*Die ontwikkeling van die rangstruktuur van die boerekommando's, Deel 2: 1834 – 1902*" by <http://rapidhttp.co.za/milhist/vol095jr.html>, 15 Februarie 2011.

³⁶⁰ W.J. de Kock, (Hoofred.) *S.A. Biografiese Woordeboek, deel I*; J.Meintjies, *De la Rey. Lion of the West*; L. Scholts, (red), *Beroemde Suid-Afrikaanse Krygsmanne*.

die praktyk het dit daarop neergekom dat generaal De la Rey nou Joubert se tweede-in-bevel was. Cronjé was hoegenaamd nie daarmee beïndruk nie en die twee manne het spoedig ernstige meningsverskille gehad.³⁶¹



*Figuur 76: Veldkornette J.C. Coetzee, J.H. Cronjé en Kommandant H.C.W. Vermaas*³⁶²

Die Noordwes-kommando's van Rustenburg, Lichtenburg, Marico, Bloemhof, Potchefstroom en Wolmaransstad het op 11 Oktober 1899 by Polfontein, net wes van Lichtenburg en nie ver van Ottoshoop af nie, bymekaargekom waar hulle verdere verwikkelinge afgewag het. Nadat die ultimatum verstryk het, was die regering se opdrag eenvoudig, naamlik om:

Den vijand aan te vallen waar gij die zult mogen aantreffen;
hem te bestrijden en al dat gene te doen wat gij zult doen en
noodig oordeelen om de onafhankelijkheid dezer Republiek te
handhaven en te onderhouden.³⁶³

³⁶¹ A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, "Inleiding tot die ABO, Lichtenburg Kommando en die eerste skote van die oorlog" by <http://www.boeremag.co.za/>, 12 Junie 2011.

³⁶² A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985* "Cronjé en Vermaas" by <http://home.intekom.com/lichtenburg/inlei1-a.htm>, 12 Junie 2011.

³⁶³ A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985*, "Inleiding tot die ABO, Lichtenburg Kommando en die eerste skote van die oorlog" by <http://home.intekom.com/lichtenburg/inlei1-a.htm>, 12 Junie 2011.

Binne 'n halfuur na die ontvangs van die regering se oproepinstruksies op 11 Oktober 1899 het die kommando's begin ontplooi. Elke kommando het presies geweet wat van hom verwag is. Generaal Cronjé se eerste oogmerk was om die Britse troepe-versamelings langs die wesgrens, veral by Mafeking, te isoleer en uit te wis en om alle spoorverbindings na die Transvaal te vernietig.³⁶⁴ Om 21h00 op 11 Oktober het die eerste mag van 800 man, bestaande uit 200 berede burgers uit elkeen van die veldkornetskappe Lichtenburg, Boven-Schoonspruit, Gatsrand en Onder-Schoonspruit onder bevel van generaal De la Rey vertrek. Hulle opdrag was om 'n Engelse troepemag van ongeveer 1 000 man in die nabyheid van Mosjesj se stat te gaan verdryf en die spoorlyn op te breek.³⁵⁸

Die middag van 12 Oktober het die saamgestelde kommando Kraaipan-stasie bereik.³⁶⁵ Generaal De la Rey het aan veldkornet Coetzee opdrag gegee om met sy Lichtenburgers die treinspoor op te breek. Coetzee het sy burgers streng opdrag gegee om nie te skiet nie, maar te wag totdat hy self op die regte oomblik die eerste skoot skiet. Die gepantserde gids-lokomotief, wat voor die troepetrein uit beweeg het, het kort voor 22h00 van die spoor geloop en terwyl die troepe besig was om dit te probeer terugplaas, het veldkornet Coetzee die eerste skoot van die Anglo-Boereoorlog gevuur, waarna 'n hewige geveg losgebars het.³⁶⁶

Op 25 November het die geveg by Graspan plaasgevind. Dit was die eerste werklike slag waarin die Lichtenburgers onder kommandant Vermaas deelgeneem het. Die geveg het nie gunstig vir die Boere verloop nie en hulle moes terugval na Modderrivier waar die groot geveg op 28 November plaasgevind het. Generaal De la Rey se seun, Adaan (Adriaan), en

³⁶⁴ J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, pp. 386-396.

³⁶⁵ J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, pp. 386-396.

³⁶⁶ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 405-410; A.D. Bosman, "Vdkt. J. C. Coetzee skiet eerste skoot in oorlog" by <http://home.intekom.com/lichtenburg/inlei1-a.htm>, 12 Junie 2011.

veldkornet Coetzee se oudste seun, Hansie, het gesneuwel. Albei seuns is in Jacobsdal begrawe.³⁶⁷

Die totale sterkte van die Boeremagte aan die vyf fronte het teen 11 Oktober sowat 32 500 man beloop. Daar het 11 509 aan die Natal-front, 6 000 aan die Noordweste, 4 800 aan die Wes-Vrystaat, 1 100 aan die noordelike front en 2 500 aan die suidelike front geveg. In die Oos-Transvaal is 2 000 man (teen moontlike aanvalle vanaf Portugese en aanliggende swart gebiede) en 1 000 man op die Basoeto-grens op gereedheidsgrondslag geplaas.³⁶⁸

Die Britse magte in Suid Afrika was met die uitbreek van die oorlog nagenoeg 22 000 man sterk. Dit is deur die Britse owerheid as voldoende beskou om die twee kus-kolonies teen Boere-invalle te beskerm. Om die twee republieke te verower, sou egter heelwat meer troepe verg. Hul voedingsbron was substantief – die Britse ryk kon ongeveer 1 053 865 man in die veld stoot as dit nodig was.³⁶⁹

Gedurende September 1900 het die Britte beide die republieke, met uitsondering van die noordelike dele van die ZAR, beset. Hulle het egter ondervind dat hulle slegs beheer gehad het wanneer die troepe beset, maar sodra hulle die dorp en distrik verlaat, het hulle stadig maar seker beheer verloor. Die groot oppervlaktes van die twee Republieke het dit vir die 250 000 Britse troepe onmoontlik gemaak om permanente beheer oor die gebiede uit te oefen. Die groot afstande tussen die troepe het die Boere kommando's baie vryheid gebied om rond te beweeg. Die Boere-kommandante het besluit om met guerrilla-oorlogvoering te begin. Die kommando's was kleiner en elkeen moes vir sy eie kos en klere sorg. Daar is weggedoen met waens om meer beweeglik te wees. Die verskillende kommando's is teruggestuur na hulle distrikte met die opdrag om die Britte in klein groepe te beveg waar dit

³⁶⁷ J. J. Retief, *Military History Journal*, vol. 9, No 5 in Junie 1994: “Die ontwikkeling van die rangstruktuur van die boerekommando's, Deel 2: 1834 – 1902” by <http://rapidtp.co.za/milhist/vol095jr.html>, 15 Februarie 2011.

³⁶⁸ C.F.J. Muller (reds.) 1985, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 336.

³⁶⁹ A.D. Bosman, *Lichtenburg 1865-1985, “Inleiding tot die ABO, Lichtenburg Kommando en die eerste skote van die oorlog”* by <http://home.intekom.com/lichtenburg/inlei1-a.htm>, 12 Junie 2011; C.F.J. Muller (red.) 1985, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 337.

enigsins moontlik was. Hulle moes soveel moontlik skade aanrig en dan terugtrek voordat versterkings opdaag.³⁷⁰ Verkennerskorpse het voortdurend gespioeneer en hul leiers van inligting van strategiese belang voorsien.³⁷¹

Die kieserslys van stemgeregtigde burgers in die Lichtenburg-omgewing dui die name van sommige Swanepoels, Cooks en Greeffs aan wat in hierdie hoofstuk na verwys is.

Citizens and Settlers.		
Cornelius, A. J., son.	Lichtenburg	Resident before 1876
Cornelius, A. J., jun.	do	Jameson Raid
Cooks, W. H.	do	Resident before 1876
Coetzee, L. J.	do	Jameson Raid
Coetzee, A. J.	do	do
Coetzee, A. J. D. H.	do	do
Cornelius, J. C.	do	Resident before 1876
Cornelius, C. F.	do	do do
Cornelius, F. P.	do	do do
Cornelius, P. J.	do	do do
Cornelius, A. J. (F. P.'s son)	do	do do
Cronje, A. P.	do	do do
Cronje, F. J.	Vlakfontein	do do
Coetzee, T. F. J.	Roodegrond	do do
Coetzee, J. C.	Rietkolk	do do
Cronje, J. H.	Grootfontein	By birth
Coetzee, J. C.	do	do
Coetzee, G.	do	do
Coetzee, J. C.	do	do
Coetzee, H. A.	do	do
Coetzee, M. A. W.	do	do
Coetzee, C. H.	do	do
Du Plessis, J. P.	Macabiespan	By birth
Delpont, M. D.	Lichtenburg	do
Dent, W. A.	do	Goschen Expedition
Danth, M. J.	do	Jameson Raid
De Koker, D. M.	Roodegrond	Resident before 1876
Engelbrecht, A. J.	Vlakplaats	Resident before 1876
Engelbrecht, J. A.	do	do do
Evert, M. P. D.	Lichtenburg	By birth
Engelbrecht, A.	do	do
Felton, W. A. H.	Weltevreden	By birth
Frits, J. J.	Roosendal	Resident before 1876
Greeff, H. G.	Manana	By birth
Greeff, G. H.	do	do
Groenewald, R. H.	Dehoop	Resident before 1876
Groenewald, P. L.	do	By birth
Groenewald, J.	Biesiedel	do

Figuur 77: Burghers List for First Volksraad 1900³⁷²

³⁷⁰ Melrose House, *The Guerrilla War, Part 1* by http://www.melrosehouse.co.za/boer_war/war17.htm, 12 Februarie 2011.

³⁷¹ Melrose House, *The Guerrilla War, Part 1* by http://www.melrosehouse.co.za/boer_war/war17.htm, 13 Februarie 2011.

LIST OF BURGHERS ENTITLED TO VOTE.		
Christian and Burghers.	Residence.	How qualified.
Schutte, Andries J.	Uitschat	By birth
Schutte, Christiaan E. G.	do	do
Smith, A. W.	Rietsgruit	Raad art. 725, 1895
Saaiman, R. J.	Mootpan	do do
Swartz, Matthijs P.	Rhenosterput	do do
Swanepoel, Laurens R.	Leeuwfontein	Resident before 1875
Swanepoel, G. J.	do	By birth
Swanepoel, A. C.	do	do
Swanepoel, A. J.	do	do
Swanepoel, P. C.	do	do
Swanepoel, R. J.	do	do
Swanepoel, P. A.	do	do
Swanepoel, L. D., jun.	do	do
Stodart, George J.	Doornkuil	Raad art. 725, 1895
Smit, Christiaan J.	Welgevonden	do do
Swartz, Johannes E.	Doornkuil	Resident before 1875
Scheepers, C. E.	Leonora	By birth
Stolz, Barend P. F.	Yachtkraal	Raad art. July, 1891
Stolz, Gabriel J. (B's son)	do	By birth
Stolz, Gabriel J., sen.	do	Raad art. July, 1891
Stolz, Gabriel J. Gerlurdus	do	By birth
Stolz, D. H. M.	do	do
Schlehmis, J. H.	Paarwkop	Raad art. 725, 1895
Schlehuis, Jan L.	Koolplaats	do do
Schutte, Hendrik W.	Tweebos	By birth
Schutte, Philippus J.	do	do
Schutte, Petrus C.	do	do
Swanepoel, Willem J. J.	Rietfontein	Raad art. July, 1891
Swanepoel, Willem J. J., jun.	do	do do
Swanepoel, Abram C.	do	By birth
Stassen, Jan Pienaar	Hofffontein	Raad art. July, 1891
Swanepoel, Hendrik F.	Gutsterling	By birth
Schoonhinkel, Jacobus H.	Rietfontein	Raad art. 725, 1895
Thomassen, J. F.		

Figuur 78: Burghers List for First Volksraad 1900³⁷³

Alhoewel die hoofstede ingeneem is, het die kommando's nie oorgegee nie. Ná die val van Bloemfontein was van die burgers moedeloos en bekommerd. Lord Roberts het die ZAR en

³⁷² Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Transvaal Colonial Publications (TKP), Pretoria, (TAB TKP 152) _03, "Burghers Cooks and Greeff, list for first Volksraad"; JCPA, Leër 1, Swanepoel-familie, *Burghers List for First Volksraad 1900*.

³⁷³ TAB,TKP, (TAB TKP 152) _17, "Burgers Swanepoel, list for first Volksraad"; JCPA, Leër 1, Swanepoel-familie, *Burghers List for First Volksraad 1900*.

die Vrystaat geannekseer en beide as Britse kolonies geproklameer.³⁷⁴ Die republieke het nou bekend gestaan as “Orange River Colony” en “Transvaal Colony”. Lord Roberts is terug na Engeland en Lord Kitchener het die bevel aan die einde van November 1900 oorgeneem. Die oorlog was verby – of so het Engeland altans gehoop.³⁷⁵

Teen Maart 1901 het die vyand se vlag oor sy Lichtenburg gewapper. Generaal de la Rey, alombekend as die “*Leeu van Wes-Transvaal*”, sou sy tuisdorp van die Britte bevry en op 2 Maart 1901 kom hy en ’n paar ander kommando's op die plaas Syferpan, sowat twintig kilometer suid van Lichtenburg, byeen. Saam met hom was generaals Jan Smuts, J. Celliers, P.J. Liebenberg, H.R. Lemmer en kommandante H.C.W. Vermaas en Du Toit. Die gesamentlike mag het uit ongeveer 1 500 man bestaan. Die aanval het op Sondagoggend 3 Maart om 04h00 vanuit drie rigtings plaasgevind. Generaal Smuts, bygestaan deur generaal De la Rey en kommandant Du Toit, het vanuit die ooste, generaal P.J. Liebenberg vanuit die noorde en generaals Celliers en Lemmer en kommandant Vermaas, vanuit die weste aangeval.³⁷⁶

Dit was laatsomer en die vlei aan die oostekant van Lichtenburg was dig begroei met fluitjiesriet, palmiet en moerasgewasse. Aan die noordekant was daar forte en loopgrawe waarin die Britte hulle versteek het. Aan die westekant is die Nederduits Hervormde kerkgebou in ’n fort omskep, terwyl die sentrale deel van die dorp goed gefortifiseer was. Toe die eerste skote net na drie-uur die oggend klap, was die Britte op hulle poste. Hulle perde was veiligheidshalwe in die Nederduits Gereformeerde kerkgebou ingebring.³⁷⁷

³⁷⁴ C.F.J. Muller (reds.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 351.

³⁷⁵ Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, Anglo-Boereoorlog, Deel 2: “Die oormag teen die guerrillas” en die uiteindelijke vredesluiting” by <http://www.mieliestronk.com/qboer2.html>, 2 Februarie 2011; C.F.J. Muller (reds.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 354.

³⁷⁶ Lichtenburg Museum-webwerf by <http://boereafrikana.com/Transvaal/StedeDorpe/Lichtenburg/Lichtenburg%20Museum,%20Anglo-Boereoorlog%20Info.htm>, 12 Mei 2011.

³⁷⁷ E. Wessels, “*ABO: Celliers laat skote heeltemal te vroeg klap vir beplande aanval*” by <http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2001/03/7/9/3.html>, 12 Mei 2011.

Celliers, Lemmer en Vermaas het 'n verbete aanval vanuit die weste op die dorp geloods en tot dig by die binnedorp gevorder. In hierdie proses is albei genoemde generaals ernstig gewond, waarna Vermaas die aanval verder gevoer het. Aan die ander twee fronte is daar nie veel gevorder nie. Teen sonder het luitenant kolonel C.G. Money 'n wapenstilstand van twee uur aangevra. Die versoek is aan generaal Vermaas oorhandig en in die hitte van die stryd het hy dit toegestaan. Toe generaal Koos de la Rey, wat 'n boodskap aan Vermaas deurgestuur het om die fort te hou sodat sy kommando, sodra dit donker was, die dorp kon instorm, van die toegestane wapenstilstand hoor, het hy dadelik besef dat dit die vyand die geleentheid sou gee om sy posisie te versterk, sy troepe te herorganiseer en dat 'n aanval na twee uur vrugtelos sou wees. In die donker het die Boeremag die aftog geblaas.³⁷⁸

Kommandant-generaal Piet Joubert het die Britse mag by Dundee in Noord-Natal gestuit, maar die Boeremagte het 'n nederlaag by Elandslaagte gely.³⁷⁹ Die burgers het daarna weer suksesse behaal by Modderspruit en Nicholsonsnek,³⁸⁰ ten spyte van generaal White se pogings om hulle te stop. Joubert het Ladysmith beleër, wat 'n fout was, omdat te veel manskappe vir hierdie doel gebruik is. By Estcourt het die Britte weereens op hulle herrie gekry, maar die burgers moes terugval tot by die Tugela-rivier.³⁸¹

Volgens 'n Volksraadsbesluit het Paul Kruger oorsee hulp gaan soek vir die Boere se stryd. Op 75-jarige ouderdom is hy aan boord die *Gelderland*, die oorlogskip wat deur koningin Wilhelmina van Nederland na Lourenco Marques gestuur is om hom te kom haal. Die Boere

³⁷⁸ E. Wessels, Volksblad van 7 Maart 2001, "ABO: Celliers laat skote heeltemal te vroeg klap vir beplande aanval" by <http://152.111.11.6/argief/berigte/volksblad/2001/03/7/9/3.html>, 11 Augustus 2012.

³⁷⁹ BritishBattles.com, "The Battle of Elandslaagte" by <http://www.britishbattles.com/great-boer-war/elandslaagte.htm>, 11 April 2013.

³⁸⁰ J. H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika*, 1899-1902, hoofstuk 13.

³⁸¹ K. de Vos, Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Eerste aanvalle op oosfront" by <http://www.mieliestronk.com/ruil17.html>, 15 Junie 2011.

het sterk steun in die buiteland geniet, maar Brittanje se magsoffposisie het ingryping deur buitelandse ondersteuning verhinder.³⁸²

In Oos-Transvaal was generaal Botha besig om die lewe swaar te maak vir die Engelse. Generaal De la Rey het dieselfde gedoen in die Noordweste waar hy onder andere vir generaal Methuen gevang het na die slag van Tweebosch. Generaal Beyers het ook baie vermag teen die Britte in die Noord-Transvaal. Om die burgers in die republieke 'n ruskans te gee, is die Kaapkolonie ingeval. Aan die hoof van hierdie inval was generaals Smuts, Maritz, Malan, Scheepers, Lategan en Kritzingen.³⁸³

Kitchener het oorgegaan tot die implementering van dryfjagte. Hy het besef dat die Boere se sukses in hulle beweeglikheid gelê het. Om die boere se beweeglikheid te beperk, het Kitchener blokhuse laat oprig met doringdraadversperrings tussen hulle. Oral op die grense was hierdie blokhuse te sien. Die Boere se kommando's het egter steeds soos glibberige visse deur hierdie linies geglip.³⁸⁴

Tydens die oorlog het die Boerevroue 'n sterk ondersteunende rol gespeel op die plase, aangesien die mans vir lang periodes op kommando was. Hulle moes beide die vrou en man se rol vervul. Die meeste vroue het op die plase agtergebly om saam met hulle kinders die boerdery te behartig. Ander het die plase verlaat en na die dorpe getrek weens die tekort aan voedsel en klere of uit vrees vir die naburige swart stamme. Op sowel geestelike as materiële gebied het hulle die burgers met hulle offervaardigheid onderskraag. Boodskappe en briewe van bemoediging of voedsel en kleding het voortdurend die burgers aan die front bereik.³⁸⁵

³⁸² C.F.J. Muller (reds.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 351-352.

³⁸³ K. de Vos, Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "*Eerste aanvalle op oosfront*" by <http://www.mieliestronk.com/ruil17.html>, 15 Junie 2011.

³⁸⁴ C.F.J. Muller (reds.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 354.

³⁸⁵ F. Pretorius, *Verskroeide aarde (red.)*, (tweede druk), p. 37.

Die vroue was onversetlik in hul aandrang dat hul mans en seuns vir onafhanklikheid moes voortveg. Sommige vroue het verklaar dat hulle verkies om hul huise te sien afbrand eerder as dat hul mans oorgee. Sonder die bydrae wat die vroue voor en tydens die oorlog gemaak het, sou die oorlog waarskynlik 'n korter verloop gehad het.

Die verskroeiende-aarde-beleid is aanvanklik in proklamasie No. 5/1900 deur lord Roberts uitgevaardig en later deur Kitchener uitgebrei.³⁸⁶ Dit het duisende vroue, kinders en bejaardes haweloos en in haglike toestande gelaat. Toe formele gevegte eindig en die Boere met hul guerrilla-taktiek begin, is gelas dat alle plaashuise van waar aanvalle op Britse soldate of die spoorweë gedoen is, afgebrand moes word. Die Engelse het die plase en dorpe vernietig en vee en gesaaides verwoes.³⁸⁷

Die eerste konsentrasiekampe is gedurende 1901 opgerig. Die Britse militêre gesag was nie voorbereid om duisende vroue en kinders van kos en mediese dienste te voorsien nie. Dit het veroorsaak dat vroue en kinders die slagoffers van wanvoeding was en siektes opgedoen het. Duisende het in die konsentrasiekampe gesterf.³⁸⁸ Talle mense is met oop bees- of steenkooltrokke en waens na die kampe vervoer.

Baie is te voet voortgejaag. Medisyne en water was skaars, en skuiling moeilik te vinde. Ongeveer 100 000 vroue en kinders was in die 45 kampe saamgehoek. Siektes was aan die

³⁸⁶ J.L. Scott, "British concentration camps of the second South African War (The Transvaal, 1900-1902)" by <http://www.scribd.com/doc/66284361/SCOTT-BRITISH-CONCENTRATION-CAMPS-OF-THE-SECOND-SOUTH-AFRICAN-WAR-THE-TRANSSVAAL-1900-1902>, pp .60-63, 28 Julie 2012.

³⁸⁷ Myfundi aanlyn-ensiklopedie, "*Die Anglo-Boere-oorlog II: Konsentrasiekampe*" by http://myfundi.co.za/a/Die_Anglo-Boere-oorlog_II:_Konsentrasiekampe, 1 Julie 2011.

³⁸⁸ J.L. Scott, *British Concentration Camps of the second South African War (The Transvaal, (1900-1902), "MA thesis 2007"* by <http://www.scribd.com/doc/66284361/SCOTT-BRITISH-CONCENTRATION-CAMPS-OF-THE-SECOND-SOUTH-AFRICAN-WAR-THE-TRANSSVAAL-1900-1902>, pp. 79-121, 28 Julie 2012.

orde van die dag en omtrent 22 057 kinders onder 16 jaar, 1 421 bejaardes, 4 200 vroue bo 16 jaar en sowat 210 seuns ouer as 16 jaar het gesterf.³⁸⁹



*Figuur 79: Boerevrouens word na 'n konsentrasiekamp geneem*³⁹⁰

• Aliwal Noord • Balmoral • Barberton • Belfast • Bethulie • Bloemfontein • Brandfort • Heidelberg • Heilbron • Howick • Irene	• Kimberley • Klerksdorp • Kroonstad • Krugersdorp • Merebank • Middelburg • Norvalspont • Nylstroom • Pietermaritzburg • Pietersburg	• Pinetown • Port Elizabeth • Potchefstroom • Springfontein • Standerton • Turffontein • Vereeniging • Volksrust • Vredefort • Vryburg
--	--	---


*Tabel 2: Lys van sekere van die konsentrasiekampe*³⁹¹

³⁸⁹ Anon., Decampcourant-webwerf, "Sterftes in *Konsentrasiekampe*" by <http://decampcourant.arkpark.net/konsentrasiekampe.htm>, 20 Julie 2012.

³⁹⁰ Peter Henrich Henning Familiebond (2007), "*Die Boerevolk se Tweede Vryheidsoorlog, Deel 4, 1899-1902*" by <http://www.henning.org/CD/kroniek/hs13d.htm>, 3 November 2012.

³⁹¹ H. Barnard, The Concentration Camps-website, "*Lys van die konsentrasiekampe*" by <http://www.boer.co.za/boerwar/hellkamp.htm>, 28 Julie 2012.

Vir doeleindes van hierdie studie is slegs die omstandighede in die Klerksdorp³⁹² en Merebank-konsentrasiekampe³⁹³ beskryf, aangesien die Swanepoel-susters in hierdie twee kampe geïnterneer was.



*Figuur 80: Kaart wat aandui waar die verskillende kampe geleë was*³⁹⁴

Baie geskiedkundige ontleders sê 'n oogluikende doel van die Britse magte met die oprigting van konsentrasiekampe was om die vroue daarheen weg te voer en die Boere op die slagveld te demoraliseer. Brittanje het die instelling van die konsentrasiekampe probeer regverdig deur aan te voer dat dit bloot om menslikheidsredes gedoen word om die oorlog se haweloses te beskerm. Volgens historici was alles uiteindelik net 'n deel van die Britse sogenaamde verskroeiende-aarde-beleid. Toe Brittanje besef dat die oorlog teen die Boere-guerrillas veel langer voortsleep as waarvoor hy ooit voorsiening gemaak het, moes die Boere reg in die hart bygekom word.³⁹⁵

³⁹² H. Jacobs, Decampcourant-webwerf, "Sewe dae van ontbering, lyding en vernedering, Klerksdorp-konsentrasiekamp" by <http://decampcourant.arkpark.net/klerksdorp.htm>, 28 Julie 2012.

³⁹³ E. Papenfus, Decampcourant-webwerf, "Merebank: Die konsentrasiekamp in 'n moeras" by <http://decampcourant.arkpark.net/merebank.htm>, 28 Julie 2012.

³⁹⁴ Anon., Decampcourant-webwerf, "Kaart wat die konsentrasiekampe aandui" by <http://decampcourant.arkpark.net/images/KaartB.gif>, 7 Mei 2011.

³⁹⁵ Myfundi aanlyn-ensiklopedie, "Die Anglo-Boereoorlog 11: Konsentrasiekamp" by http://myfundi.co.za/a/Die_Anglo-Boere-oorlog_II:_Konsentrasiekampe, 29 Julie 2012.



*Figuur 81: Foto van 'n tipiese konsentrasiekamp*³⁹⁶



*Figuur 82: 'n Sterwende kind in die konsentrasiekamp*³⁹⁷

³⁹⁶ Anon., Decampcourant- webwerf, “*Foto van ‘n konsentrasiekamp*” by <http://decampcourant.arkpark.net/images/konsentrasiekampe.jpg>, 7 Mei 2011.

³⁹⁷ C.G. Coetzee & M.C.E. van Schoor, “*Kampkinders 1900-1902- ‘n Gedenkboek 1982*”, p. 96.



Figuur 83: Die treinrit vanaf die Klerksdorp-konsentrasiekamp na Merebank ³⁹⁸



Figuur 84: Vroue en kinders ontvang rantsoene in die Merebank-konsentrasiekamp ³⁹⁹

Elsie Papenfus beskryf die omstandighede in die Merebank-konsentrasiekamp soos volg:


Die kamp is op 13 September 1901 geopen. In Desember 1901 het die Vrouekomitee, deur Engeland aangestel op Emily Hobhouse se aandrang, die kamp besoek en dit onbevredigend bevind. Die kamp was in 'n laagliggende, moerasagtige

³⁹⁸ H. Jacobs, Decampcourant- webwerf, "Treinrit vanaf die Klerksdorp-konsentrasiekamp na Merebank", by <http://decampcourant.arkpark.net/klerksdorp.htm>, 6 Mei 2011.

³⁹⁹ H. Jacobs, Decampcourant- webwerf, "Treinrit vanaf die Klerksdorp-konsentrasiekamp na Merebank", by <http://decampcourant.arkpark.net/klerksdorp.htm>, 6 Mei 2011.

omgewing. Aanhoudende reën het modder, klammigheid en siektes veroorsaak. Die tente was baie naby aan mekaar en 6 tot 9 mense is in 'n tent gestop. Die meeste inwoners was Transvaalse Hoëvelders en was nie die klam, nat toestand gewoond nie. Masels, maag-epidemies en kinkhoes het voorgekom.⁴⁰⁰

Vir meer inligting oor die Merebank-kamp die volgende bron geraadpleeg word: A.U. Wohlberg, *The Merebank Concentration Camp in Durban 1901-1902* (MA verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 2000).



*Figuur 85: Die Klerksdorp-konsentrasiekamp gedenkteken*⁴⁰¹

⁴⁰⁰ E. Papenfus, Decampcourant- webwerf, "Vroue en kinders van Merebank-konsentrasiekamp ontvang rantsoene" by <http://decampcourant.arkpark.net/merebank2.htm>, 6 Mei 2011.

⁴⁰¹ J. van der Grijp, eGSA library-website, "Die Klerksdorp konsentrasiekamp gedenkteken" by http://www.eggsa.org/library/main.php?g2_itemId=362078, 6 Mei 2011.

Oral in die twee Boere-republieke is Rooikruistakke gestig. Dit was 'n noodsaaklikheid ter wille van die goeie versorging van gewonde en siek krygsmanne van die omgewing. By die Lichtenburg-tak het die vroue van die omgewing 'n groot bydrae gelewer deur die tak te beman.⁴⁰²



*Figuur 86: Emily Hobhouse*⁴⁰³

⁴⁰² Anon., “*Rooikruis in Lichtenburg*” by http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/16071/002_p015-029.pdf?sequence=5, p.21, 29 Julie 2012.

⁴⁰³ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, “*Foto van Emily Hobhouse*” by <http://www.mieliestronk.com/hobhouse.html>, 14 Augustus 2012.

Emily Hobhouse was 'n vrou van Engeland wat vandag nog as een van die grootste heldinne in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou word. Dikwels lynreg teen die gevoel van haar eie mense, wat gemeen het dat sy met die vyand heul, het sy dit op haarself geneem om die lyding van duisende vroue en kinders tydens die oorlog te verlig.

Sy is op 9 April 1860, in St. Ive, Oos-Cornwall, Engeland gebore en het haar lewe daaraan gewy om mense in nood van hulp te wees. Die veertigjarige Britse vrou is deur "n diep sin van geregtigheid" aangedryf om die gruwels van die Anglo-Boereoorlog aan die wêreld te ontbloot. Selfs nadat sy ook gedeporteer is, het sy aangehou om te veg vir die verbetering van die lot van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe.⁴⁰⁴

Die Britse publiek, plaaslik en in Brittanje, het eers bewus geraak van wat in die kampe gebeur toe Emily Hobhouse in Engeland verlof gekry het om die kampe te besoek. Hobhouse het Engeland in Desember 1900 verlaat en in Mei 1901 teruggekeer. Sy was met afgryse vervul met wat sy gesien het en het die publiek geskok met haar onthullings. Teen Oktober 1901 was die sterftekoers ongeveer 340 per duisend mense in die kampe. Kinders onder vyf jaar oud het feitlik geen kans op oorlewing gehad nie. Teen die einde van 1901 het 'n kommissie van Engelse vroue, wat oorlogsondersteuners was, ook besoeke by die kampe afgelê. Hulle was net so geskok soos Hobhouse en het aanbevelings gemaak wat die dodetal skerp laat daal het nadat dit uitgevoer is.⁴⁰⁵

Emily Hobhouse skryf:

"The people, most of whom were unfit to travel, were sent to a marsh in Natal like Merebank, or carried infection to a healthy camp like Howick. They were exposed to poignant

⁴⁰⁴ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Emily Hobhouse" by <http://www.mieliestronk.com/hobhouse.html>, 14 Augustus 2012.

⁴⁰⁵ Anon., SAHO-webwerf, "Emily Hobhouse" by <http://www.sahistory.org.za/people/emily-hobhouse>, 29 Julie 2012.

*sufferings on the journey.*⁴⁰⁶ Na die oorlog het Emily steeds aangehou om haar energie aan te wend vir die verslane Boerevolk. So het sy dan deur die hele Suid-Afrika gereis en 'n skema van tuisnywerhede vir jong meisies die lig laat sien.⁴⁰⁷

Swak gesondheid het haar terug na Europa gedwing waar sy aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog gewerk het om die lot van die armoediges te verbeter. Sy het egter nooit die Boerevolk vergeet nie, en hulle ook nie vir haar nie. Sy het gereeld briewe gewissel met van die belangrikste volksleiers in die land. Emily het haar in London gevestig, waar sy op 8 Junie 1926 oorlede is. Haar laaste wens was om in Suid-Afrika begrawe te word en haar oorskot is later aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe.⁴⁰⁸

Die teregstelling van Boereverraaiers in die oorlog is 'n tragedie in die Afrikaner se geskiedenis. Die navorser, Albert Blake, 'n kenner op die gebied van verraaiers tydens die Anglo-Boereoorlog, het argiewe gefynkam, vergete grafstene gevind en die nageslag van tereggestelde "joiners" opgespoor om vas te stel hoe diep die verskynsel van verraad tydens die Anglo-Boereoorlog die Afrikaner geraak het. Etlike burgers van die Boere-republieke het as "joiners" by die Britse magte aangesluit, terwyl ander inligting oor die Boeremagte aan die vyand verskaf het. Die straf vir dié verraad was die dood. In een geval moes kommandoede van hul voormalige makkers teregstel, terwyl vier broers van Wakkerstroom wat die wapen opgeneem het teen die Boeremagte almal op dieselfde dag gefusilleer is.⁴⁰⁹ In my navorsing kon ek geen geselekteerde Swanepoel vind wat 'n verraaier was nie.

⁴⁰⁶ H. Jacobs, Decampcourant- webwerf, "*vuil beestrokke*" by <http://decampcourant.arkpark.net/klerksdorp.htm>, 5 Mei 2011.

⁴⁰⁷ A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 429; C.F.J. Muller (red), 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, pp. 349,357.

⁴⁰⁸ P. Smith, Sarie Marais.Com-webwerf, "*Kuier in Afrikaans, Helde uit ons verlede*, Emily Hobhouse (1860 - 1926)" by <http://www.sariemarais.com/helde.html>, 5 Mei 2011.

⁴⁰⁹ A. Blake, *Boereverraaier, teregstellings tydens die Anglo Boereoorlog* by <http://www.kalahari.com/afrikaans/Boereverraaier-Teregstellings-tydens-die-Anglo-Boereoorlog/43859/38826132.aspx>, 12 Augustus 2011.



Figuur 87: Die Nasionale Vrouemonument ⁴¹⁰

5.3. Die invloed van die oorlog op die Swanepoel-gesinsamestelling

Die navorsing oor die vyfde geslag Swanepoels se betrokkenheid by die oorlog illustreer die impak van Britse imperialisme op die deursnee Afrikaner-familie uitstekend en 'n oorsig van hulle lewensloop word vervolgens gegee ten einde aan te dui tot watter mate dit 'n keerpunt vir individue sowel as die familie was.

Ten einde die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie se aanwas en betrokkenheid by gebeure tydens hierdie era in perspektief te plaas, is daar kortliks op hulle voorgeslagte gefokus.

⁴¹⁰ Anon., Dugeot se Mieliestronk.com-webwerf, "Die vroue monument-naald van onreg" by <http://www.mieliestronk.com/vrouemon.html>, 12 Mei 2011.

Uit die huwelik van Maria Jacoba Swanepoel en Pieter Andries Swanepoel (hoofstuk 4) is die volgende kinders gebore:

Abraham Christoffel Johannes Swanepoel is op 4 April 1860 gebore, op 7 Julie 1860 in Potchefstroom gedoop en is met Anna Gezina Potgieter getroud.⁴¹¹

Isabella Jacoba Swanepoel is op 6 Augustus 1862 gebore, op 17 Julie 1873 in Potchefstroom gedoop en is met Willem Jacobus Hartzler (gebore op 30 Maart 1857) getroud.⁴¹²

Sussara Susanna Swanepoel (Sara Johanna Susanna) is op 22 Januarie 1865 gebore, op 29 Januarie 1865 in Potchefstroom gedoop en is met William Henry Cooks (gebore op 25 Oktober 1858) getroud.⁴¹³

Maria Jacoba (Miemie) Swanepoel is op 4 Februarie 1867 gebore, op 17 Februarie 1867 in Potchefstroom gedoop en is met Gert Barend Hendrik Josephus Swanepoel (gebore op 13 Oktober 1863) getroud.⁴¹⁴

Rachel Helletje Swanepoel is op 4 Mei 1869 gebore, haar doopplek is onbekend en sy is met Andrew Peter Cooks (gebore op 27 November 1868) getroud.⁴¹⁵

Willem Jacobus (Oom Boeta) Swanepoel is op 11 Oktober 1870 gebore, sy doopplek is onbekend en hy is met Anna Maria Jacoba (Annie) Hartzler (gebore op 21 September 1871) getroud. (Anna Maria Jacoba was die suster van Willem Hartzler).⁴¹⁶

⁴¹¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 303.

⁴¹² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304; I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzler Sage*, p. 21.

⁴¹³ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304.

⁴¹⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 305.

⁴¹⁵ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 305.

Martha Aletta Swanepoel is op 9 November 1871 gebore, haar doopplek is onbekend en sy is met Hendrik Jacobus Swanepoel (gebore op 20 Augustus 1868) getroud.⁴¹⁷

Abraham Christoffel Johannes Swanepoel en Willem Jacobus (Oom Boeta) Swanepoel was by die oorlog betrokke, maar min is oor hulle bekend. Oom Boeta het onder generaal De la Rey geveg, is gevange geneem en na Ceylon gestuur.⁴¹⁸ Abraham se naam kom voor in 'n lys van persone wat tydens die oorlog op 3 Maart 1901 geïnterneer is in die Madras-kamp in Indië (prisoniernommer 18280).⁴¹⁹ Hendrik Jacobus Swanepoel (swaer) se naam kom op die interneringslys voor.⁴²⁰

Die foto hieronder is die vyf Swanepoel-susters (vyfde geslag): Isabella Jacoba, Sussara Susanna, Maria Jacoba, Rachel Helletje en Martha Aletta. Daar is nie sekerheid oor die volgorde van elke Swanepoel-vrou op die foto nie. Van die ouer familie het gehelp om hulle te identifiseer, maar die korrektheid van die identifikasie is onseker. Van hulle kleinkinders bevestig dat al vyf die dogters in die konsentrasiekamp op Klerksdorp was.

Die onderstaande foto van die vyf dogters is in die kamp geneem.

⁴¹⁶ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304; I. Ueckermann & F.S. Malan, Die Hartzer Sage, p. 23.

⁴¹⁷ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, 2004, hoofstuk 4, p.305.

⁴¹⁸ J.E. Fourie, Boerevryheid-webwerf, "*Naamlys van Boere bannelinge gedurende Anglo-Boere Oorlog*" by <http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?25435-Naamlys-van-Boere-bannelinge-gedurende-anglo-Boere-Oorlog/page6>, 30 Julie 2012.

⁴¹⁹ TAB, Aanwins 2064: POW Lists (ABO) Volume 2, p. 3; J.E. Fourie, Boerevryheid-webwerf, "*Naamlys van Boere bannelinge gedurende anglo-Boere Oorlog*" by <http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?25435-Naamlys-van-Boere-bannelinge-gedurende-anglo-Boere-Oorlog/page6>, p. 79, 26 Julie 2012.

⁴²⁰ J.E. Fourie, Boerevryheid-webwerf, "*Naamlys van Boere bannelinge gedurende Anglo-Boere Oorlog*" by <http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?25435-Naamlys-van-Boere-bannelinge-gedurende-anglo-Boere-Oorlog/page6>, 30 Julie 2012.



Figuur 88: Die vyf Swanepoel-susters ⁴²¹

Argiefrekords wys dat al die Swanepoel-susters saam met hulle kinders in die Klerksdorp-konsentrasiekamp opgeneem was.⁴²² In weerwil van beloftes dat vroue en kinders nie uit hulle oorspronklike omgewing verwyder sou word nie, is 'n kamp by Merebank, naby Durban, opgerig.⁴²³ Die kampowerhede het hierdie kamp gebruik om van hulle sogenaamde “probleemgevalle” uit hulle plaaslike omgewings te verplaas.⁴²⁴ Die kamp is op 13 September 1901 geopen.⁴²⁵ Rachel Helletje Cooks (Swanepoel) en Martha Aletta Swanepoel (Swanepoel) is later oorgeplaas na Merebank in Natal.⁴²⁶ Die omstandighede in

⁴²¹ JCPA, Lêer 2, Swanepoel-familie, *die vyf familie susters*, foto ongeveer gedurende 1902 geneem.

⁴²² TAB, DBC 126, Family no 814, 3260. Cooks, Rachel Aletta (25), James (5) and Pieter (2), Stamp Sent to Klerksdorp 11/9/1902; JCPA, Lêer, Swanepoel-familie, argief lys met inskrywings; I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzer Sage*, pp. 41-45.


⁴²³ B.J. van Niekerk, Merebank Konsentrasiekamp-webwerf, “*Kamp by Merebank*” by <http://www.merebank.info/>, 30 Julie 2012; J.C. Otto, *Die konsentrasie-kampe*, p.67.

⁴²⁴ B.J. van Niekerk, Merebank Konsentrasiekamp-webwerf, “*Kamp by Merebank*” by <http://www.merebank.info/>, 30 Julie 2012.

⁴²⁵ H. Jacobs, Decampcourant- webwerf by <http://decampcourant.arkpark.net/klerksdorp.htm>, 30 Julie 2012.

⁴²⁶ TAB, DBC 75, No 1022. Cooks, Rachel Aletta (25) and James (6) and Pieter (2). Stamp Sent to Natal 22/10/1901; JCPA, Lêer 2, Swanepoel-familie, argief lys met inskrywings; E. Neethling, *Mag ons vergeet* (derde Afrikaanse uitgawe), pp. 123-134.

die Merebank kamp was inderdaad- gunstiger vir die oorlewing van vroue en kinders. Dit word deur statistiek bewys van ander kampe in die binneland.⁴²⁷



*Figuur 89: Merebank-konsentrasiekamp*⁴²⁸

Die rol en invloed van die Britse Imperialisme op die fisieke en geestelike ontwikkeling van die Afrikaner kan en mag nooit gering geskat word nie. Die lyding van Afrikanerpioniers en hulle geankerdheid in hulle Christelike geestesgoedere het 'n besliste invloed op die volksaard van die Afrikaner en sy nageslagte gehad. Die vernietiging van die oorlog en die lewensverlies van geliefdes het die geslag wat dit beleef het inderdaad verwond, maar geestelik was hulle onoorwonne. Die heropbou van die land na die oorlog is klinkklare bewys daarvan.

Die trauma van die oorlog, verlies aan lewens en besittings en die harde werklikheid waarmee die Boere daarna gekonfronteer was, het gelei tot die hervestiging en hergroepering van die bevolking. Ten einde binne hul geografiese ruimte te kon oorleef, is lewensveranderende besluite geneem. Teen dié agtergrond word die kwessie van hereniging, ondertrouery en die hersamestelling van die Swanepoel-familie vervolgens beskryf.

⁴²⁷ J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 172-173.

⁴²⁸ B.J. van Niekerk, Merebank Konsentrasiekamp-webwerf, "*Kamp by Merebank*" by <http://www.merebank.info/>, 30 Julie 2012.

5.3.1. Isabella Jacoba Hartzter (Swanepoel)



Figuur 90: Willem Hartzter saam met sy vrou, Isabella ⁴²⁹

Isabella Jacoba Swanepoel (b3c8d6e3f2) is op 6 Augustus 1862 gebore en op 17 Julie 1873 in die Nederduits Hervormde Kerk op Potchefstroom gedoop.⁴³⁰ Sy is op 27 September 1879 met Willem Jacobus Hartzter getroud. Sy sterf op 3 Julie 1942 in die ouderdom van 79 jaar en is op die plaas Vaalbank (66) in die Lichtenburg-distrik begrawe.

Dirk Hartzter, die jongste seun van Isabella, het die volgende vertel:

Toe die jong Willem by Isabella Swanepoel van Lichtenburg begin kuier, was sy pa sterk daarteen gekant. Oupa Daniel Hartzter was baie koppig. Op een transporttog is Oupa en pa Willem van die huis af Kimberley toe en daarvandaan weer terug huis toe sonder dat oupa Daniel 'n enkele woord met die jongman gepraat het, omdat die nooi-kwessie tussen hulle

⁴²⁹ I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzter Sage*, p. 25.

⁴³⁰ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p.304.

gepla het. Toe Willem een Saterdagand vir die nooi wou gaan kuier, het sy pa hom as straf 'n ou flou perd gegee om mee Lichtenburg toe te ry. Toe hy in die vroeë oggendure terugkom, wou die perd net nie loop nie. Toe bind hy die stiebeuels aan mekaar vas, kniehalter die perd sodat hy nie kon weghardloop nie en jaag hom so aan tot by die huis.⁴³¹

Op 27 September 1879 is Willem (toe 22 jaar oud) met Isabella (17 jaar oud) getroud.⁴³² Sy het 'n bietjie skoolopleiding op Potchefstroom ontvang en het selfs 'n bietjie Engels op skool geleer. Dit sou haar gedurende die Anglo-Boereoorlog in die konsentrasiekamp goed te pas kom.⁴³³

Hulle het op die Hartzler-familieplaas, Vaalbank(66), in die Lichtenburg-distrik gaan woon.⁴³⁴ Willem is aan die begin van die Anglo-Boereoorlog as grenswag opgekommandeer en was vir 'n geruime tyd by Kamfersdam werksaam voordat hy afgelos is. Hy is huis toe gestuur met die opdrag dat hy vir die burgers velskoene moes maak.⁴³⁵

'n Hewige skermutseling het op 9 Desember 1899 by die Kamfersdam, geleë naby Kimberley, plaasgevind. Die Boere het 'n groot kanon by die dam geplaas en vandaar is bomme op 7 Februarie 1900 op die dorp geskiet. Die Engelse pogings vanaf Kimberley om

⁴³¹ I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzler Sage*, p. 26.


⁴³² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304.

⁴³³ JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970, p. 4.

⁴³⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304; I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzler Sage*, p. 24.

⁴³⁵ I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzler Sage*, p. 27.

die Boere-vesting te beleër, is gestop met die hulp van die Boere posisies by Dronfield, in die omgewing van Kamfersdam.⁴³⁶



*Figuur 91: Die vesting nadat die Boere hulle by Kamfersdam onttrek het*⁴³⁷

Willem het 'n rapport vir generaal De la Rey na Ladysmith geneem. As gevolg daarvan was hy by die beleg van Ladysmith betrokke en het hy deelgeneem aan die veldslae daar. Ladysmith het wêreldbekendheid verwerf met die draai van die vorige eeu toe dit vir 118 dae, van 2 November 1899 tot 28 Februarie 1900, tydens 'n deurslaggewende stadium van die oorlog, deur magte van die ZAR en Oranje-Vrystaat beleër is. Drieduisend Britse soldate het tydens die beleg gesneuwel. Die afstande, wat Willem Hartzer tussen Vaalbank en Kimberley asook tussen Vaalbank en Ladysmith te perd moes aflê, het lank geneem en het sekerlik baie druk op die familie geplaas.⁴³⁸

⁴³⁶ Anon., Diamond Route-website, "Dronfield Natuur Reservaat" by http://www.diamondroute.co.za/sites_dronfield.htm, 14 Augustus 2012.

⁴³⁷ A.C. Doyle, Wikipedia-website, "The Great Boer War, Chapter 18, Classic Literature Library" by http://en.wikipedia.org/wiki/Kamfers_Dam, 14 Februarie 2012.

⁴³⁸ Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzer Sage*, p. 27.

Op 39-jarige ouderdom, terwyl haar man op kommando was, is Isabella Jacoba Hartzler en tien van haar kinders in die Klerksdorp-konsentrasiekamp opgeneem.⁴³⁹ Die Vaalbank-huis is tydens die oorlog deur die Britte afgebrand, maar is na die oorlog gerestoureer. Al die handgemaakte meubels is op 'n hoop op die werf verbrand.⁴⁴⁰ Hierdie Hartzler-familieplaas, het tydens en na die oorlog menigmaal 'n heenkome gebied vir die Swanepoel-familie.

5.3.2. Rachel Helletje Cooks (Swanepoel)



*Figuur 92: Rachel Helletje en Andrew Peter Cooks*⁴⁴¹

⁴³⁹ TAB, DBC 1974, Hartzler, Isabella Jacoba (39), Maria J (21), Anna Maria (19), Isabella J (14), Susanna (12), Petronella (10), Willem (8), Marha (6), Jacoba (4), Abraham (1), Wilhelmina (1) Stamp Sent to Klerksdorp; I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzler Sage*, p. 41.

⁴⁴⁰ I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzler Sage*, p. 24.

⁴⁴¹ JCPA, Lêer 1, foto Andrew Peter Cooks en Rachel Helletje Cooks (haar foto is nie geïdentifiseer nie); Pieter Andreas Cooks is die skrywer se pa.

Rachel Helletje Swanepoel (b3c8d6e3f7) is op 4 Mei 1869 gebore en in 1895 met Andrew Peter Cooks getroud.⁴⁴² In die Swanepoel-geslagregister is haar name verkeerdelik as Rachel Aletta aangedui. Twee seuns is uit die huwelik gebore, naamlik James Andrew Cooks en Pieter Andreas Cooks.

Andrew Peter Cooks (1869-1900) was van Adelaide in die Oos-Kaap afkomstig en het hom gedurende 1890 op Lichtenburg in Noordwes gevestig. Hy het by die Staatsartillerie van die ZAR aangesluit waar hy vir die periode 1890 tot 1893 gedien het. Hy was ook in 1896 as 'n berede polisieman betrokke by die afwering van die Jameson-inval.⁴⁴³

Die oorlog het traumatiese gevolge vir Rachel Helletje Cooks (Swanepoel) gehad. As 'n berede polisieman was Andrew Peter Cooks opgekommandeer om in Colesberg te gaan veg. Hy het op 10 Februarie 1900 op die plaas Slingerfontein gesneuwel en is daar begrawe⁴⁴⁴ (addendum J).

Volgens 'n biografie oor generaal De la Rey is 'n Johannesburgse berede polisieman in die grofgeskut met die Britse artillerie deur 'n bom gedood.⁴⁴⁵ Johannes Meintjies skryf: “*Andrew Cook was slain by a bomb*”.⁴⁴⁶ Die familienaam, Cook, is deur Andrew Peter se pa, James Cook, na Cooks verander kort nadat hy in 1850 die land binnegekom het, maar die familienaam is dikwels sonder die “s” gespel.⁴⁴⁷ Andrew Peter Cooks is later in die

⁴⁴² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 305.

⁴⁴³ JCPA, Lêer 1, Grondboek Blad No 155; JCPA, Lêer Andrew Peter Cooks, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970, p. 4.

⁴⁴⁴ JCPA, Lêer 1, Certificate: Death notice, issued March 1905; Boedelverwysing: TAB, MHG, 6669/1900 Cooks, Andrew Peter. Surviving Spouse, Rachel Helletje (Born Swanepoel).

⁴⁴⁵ J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die tweede Vryheidsoorlog 1809-1902*, Die Boere terugtog uit Kaapland, p. 151.

⁴⁴⁶ J. Meintjies, *De la Rey, Lion of the West, a biography*, p.54.

⁴⁴⁷ JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970.

burgerbegraafplaas in Colesberg herbegrawe. Na verskeie besoeke aan die begraafplaas kon sy graf nog nie opgespoor word nie. 'n Gedenknaald is opgerig vir die gesneuwelde soldate en is te sien net buitekant Colesberg langs die hoofpad na Middelburg en Hanover. Daar is op talle wyses bevestig dat Andrew se naam foutiewelik as H.S. Cooks aangedui is. Die sterftekennis (addendum J) bevestig die inligting.



*Figuur 93: Gedenknaald buite Colesberg*⁴⁴⁸

⁴⁴⁸ JCPA, Lêer Andrew Peter Cooks, Foto van gedenknaald buite Colesberg.



Figuur 94: Gedenknaald buite Colesberg (A.P. Cooks foutiewelik as H.S. Cooks) ⁴⁴⁹

Na haar man se dood is die 25-jarige Rachel en haar twee kinders, die vyf-jarige James en twee-jarige Pieter, saam met ander gevangenes met oop beestrokke na die Klerksdorp-konsentrasiekamp vervoer, waar hulle op 22 Julie 1901 aangekom het.⁴⁵⁰

Die Klerksdorp-konsentrasiekamp het aan die einde van 1900 tot stand gekom. Op 22 Maart 1901 was daar 456 persone in die kamp. Gedurende Mei 1901 het nog 1 000 mense met baie min besittings by die kamp gearriveer. Aanvanklik was die algemene gesondheidstoestand in die kamp redelik goed, maar gedurende die winter het griep, asemhalingsprobleme en diarree skerp gestyg.

Vroeg in Julie 1901 het mense in die kamp uitgebreek, net nadat 'n nuwe groep vrouens en kinders in die kamp aangekom het. Rachel en haar twee seuns was waarskynlik deel van

⁴⁴⁹ JCPA, Lêer 1, Gedenknaald buite Colesberg.

⁴⁵⁰ JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970.

die nuwe groep. Beperkte fasiliteite in die kamp het veroorsaak dat dit nie moontlik was om die maselsgevalle van die ander mense te skei nie en die dodetal as gevolg van die epidemie het vinnig gestyg. Gedurende September 1901 wou dit voorkom of die maselsepidemie onder beheer was, maar toe breek maagkoors uit. Masels en maagkoors was nie die enigste siektes in die kamp nie. Skarlakenkoors het uitgebreek en die kamp is onder kwarantyn geplaas. Ander siektes wat voorgekom het, was kinkhoes, waterpokkies, rumatiek, griep, longontsteking en diarree. Die kamp was oorvol en die lewensstandaarde baie swak. Daar het 968 vroue en kinders in die kamp gesterf.⁴⁵¹

Rachel, haar twee seuns en haar suster, Martha Aletta, is op 22 Oktober 1901 tydens 'n sewe dae treinrit onder baie swak toestande na Merebank oorgeplaas.⁴⁵² Een van Martha se kinders het in die Klerksdorp- en die ander een in die Merebank-konsentrasiekamp gesterf.⁴⁵³

Die Merebank-konsentrasiekamp was ongeveer 12 kilometer suid van Durban langs die spoorlyn gebou. Hierdie kamp was teen die einde van die oorlog die grootste kamp met meer as 8 000 inwoners. Dit is op 'n nat, moerasagtige landskap, wat gesondheidsprobleme veroorsaak het, opgerig. Die kamp het tot Desember 1902 bestaan. Ingewandskoors, diarree en masels het die lewe van 453 persone geëis. Die afgestorwenes is in verskillende begraafplase in die omgewing van Durban begrawe, naamlik 22 in Isipingo, 19 in Jacobs/Claremont en 412 in Merebank.⁴⁵⁴

⁴⁵¹ Anon., Decampcourant- webwerf, “Sterftes in die Klerksdorp konsentrasiekamp” by <http://decampcourant.arkpark.net/tvl2.htm>; TA, DBC 75, No 1022. Cooks, Rachel Aletta (25) and James (6) and Pieter (2). Stamp: “Sent to Natal” 22/10/1901.

⁴⁵² TAB, DBC126, Family no 814, No 3260. Cooks, Rachel Aletta (25), James (5) and Pieter (2), Stamp “Sent to Klerksdorp” 11/9/1902; E.Neethling, *Mag ons vergeet*, p.123-134.

⁴⁵³ Anon., BCCD-website, “British concentration camps of the South African War 1900-1902 ” by http://www2.lib.uct.ac.za/mss/bccd/Person/19643/Hester_Jacoba_Swanepoel/, 13 Junie 2011.

⁴⁵⁴ B.J. van Niekerk (webmeester), Merebank Konsentrasiekamp-webwerf “*Sterftes in Merebank Konsentrasiekamp*” by <http://www.merebank.info/>, 30 Julie 2012; J.C. Otto, *Die konsentrasie-kampe*, p.67.

Rachel is op 11 September 1902 vrygelaat en het in die omgewing van die huidige Lichtenburg, gaan woon. Hierdie woongebied is vandag bekend as Burgersdorp, Noordwes.⁴⁵⁵ Sy het egter nooit herstel nadat sy in die konsentrasiekamp siek geword het nie en sterf op 13 Februarie 1906 in die ouderdom van 37 jaar en word op Burgersdorp begrawe.⁴⁵⁶



*Figuur 95: Graf van Rachel Cooks in die Burgersdorp-begraafplaas (Lichtenburg)*⁴⁵⁷

⁴⁵⁵ Burgersdorp (Noordwes) moet nie verwar word met Burgersdorp (Oos-Kaap) nie.

⁴⁵⁶ JCPA, Lêer 1, Certificate, *Death Notice of Rachel Helletje Cooks*.

⁴⁵⁷ JCPA, Lêer 1, *Graf van Rachel Helletje Cooks, Burgersdorp-begraafplaas (Lichtenburg)* (foto geneem op 22 September 2004).

5.3.3. Martha Aletta Swanepoel (Swanepoel)



*Figuur 96: Hendrik Swanepoel saam met sy vrou en van hulle kinders*⁴⁵⁸

Martha Aletta Swanepoel (b3c8d6e3f6) is op 9 November 1871 gebore. Sy is op 25 Augustus 1890 met Hendrik Johannes Swanepoel (b7c2d8e7f5) (vyfde geslag) in Lichtenburg getroud.⁴⁵⁹ Drie seuns en sewe dogters is uit die huwelik gebore. Hendrik is op 20 Augustus 1868 gebore en op 5 Januarie 1869 in die Gereformeerde Kerk in Burgersdorp (Oos-Kaap) gedoop. Hendrik is die half-broer van Gert Barend Hendrik Josephus

⁴⁵⁸ JCPA, Lêer 2, *Hendrik Swanepoel en familie*.

⁴⁵⁹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 715.

Swanepoel (b7c2d8e7f3), wat met Maria Jacoba (Miemie) Swanepoel getroud is.⁴⁶⁰ Miemie was Martha se suster. Twee Swanepoel-broers is dus met twee Swanepoel-susters getroud. Dit is belangrik om te weet dat hierdie twee broers die nageslag was van die sewende seun van die Swanepoel-stamvader, Pieter Janz Swanepoel. Die twee Swanepoel-susters was afkomstig uit die nageslag van die derde oudste seun van die stamvader.⁴⁶¹ Twee van Hendrik en Martha se kinders is in die konsentrasiekampe oorlede. Die een dogter, Hester Jacoba, is op die ouderdom van 14 dae in die Klerksdorp-konsentrasiekamp oorlede. Die ander dogter, Martha Aletta, was twee jaar oud toe sy in die Merebank-konsentrasiekamp oorlede is. Martha is op 8 Oktober 1948 en Hendrik op 28 Junie 1952 oorlede. Albei is in die Burgersdorp-begraafplaas in Lichtenburg begrawe.



*Figuur 97: Die grafsteen van Hendrik en Martha Swanepoel*⁴⁶²

⁴⁶⁰ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 713.

⁴⁶¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 305.

⁴⁶² JCPA, Lêer 2, Grafsteen van Hendrik en Martha Swanepoel.



Figuur 98: Die monument by Klerksdorp ⁴⁶³



Figuur 99: Die huis van Hendrik en Martha Swanepoel in Burgersdorp (Lichtenburg) ⁴⁶⁴

⁴⁶³ D. Sherratte, GGSA biblioteek-webwerf, “Klerksdorp konsentrasiekamp memorial” by http://www.egssa.org/library/main.php?g2_itemId=841524, 10 Februarie 2012.

5.3.4. Maria Jacoba (Miemie) Swanepoel (Swanepoel)



Figuur 100: Maria (Miemie) Swanepoel en kinders: Gert, Hendrik en Sannie ⁴⁶⁵

Maria Jacoba (Miemie) Swanepoel (b3c8d6e3f4) is op 4 Februarie 1867 gebore. Sy is getroud met Gert Barend Hendrik Josephus Swanepoel (b7c2d8e7f3). Gert is die halfbroer van Hendrik Jacobus Swanepoel.⁴⁶⁶ Hy is op 13 Oktober 1863 gebore, in 1863 in die Gereformeerde Kerk (Burgersdorp, Oos-Kaap) gedoop en sterf op 16 Junie 1904 op 41-jarige ouderdom. Hy is in die Burgersdorp-begraafplaas in Lichtenburg begrawe. Die oorsaak van sy dood is onbekend.⁴⁶⁷

⁴⁶⁴ JCPA, Lêer 2, Die huis van Hendrik en Martha Swanepoel in Burgersdorp (Lichtenburg), die foto is geneem in 2006.

⁴⁶⁵ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304; JCPA, Lêer 2, foto van Miemie Swanepoel en haar kinders.

⁴⁶⁶ Hendrik Jacobus Swanepoel is met Aletta Swanepoel getroud, nageslag van Pieter, die derde seun van die stamvader.

⁴⁶⁷ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 713.

Alhoewel haar nageslag bevestig het dat Maria en haar kinders in die Klerksdorp-konsentrasiekamp geïnterneer was, kon dit nie geverifieer word nie.



Figuur 101: Die gesamentlike grafsteen van Gert en Maria Swanepoel ⁴⁶⁸

Die ondertrouery in die Swanepoel-familie in dié era kan hoofsaaklik aan faktore soos die geografiese verspreiding van die Afrikaners, hulle relatiewe lae bevolkingsgetalle, hulle leefstyl en hulle Christelike ingesteldheid toegeskryf word. In 'n neutedop bevestig dit: soort soek soort. 'n Oorsig van die lewensloop van die nageslag van die sewende seun van die stamvader Pieter Janz Swanepoel is noodsaaklik ten einde die ondertrouery binne die Swanepoel-familie in perspektief te plaas (kyk addenda A, B, C en D).

Hendrik Swanepoel (eerste geslag), sewende seun van die stamvader, is op 16 Desember 1731 in Kaapstad gebore en is op 23 Maart 1755 in die Land van Waveren (Tulbagh) met Judith van Eeden getroud. Hy is op 31 Mei 1770 in die Land van Waveren oorlede.

⁴⁶⁸ JCPA, Lêer 2, *Grafsteen van Gert Barend Hendrik Josephus Swanepoel*.

Pieter Andries Swanepoel (tweede geslag), seun van Pieter, is op 22 Maart 1758 in Kaapstad gedoop en op 16 Mei 1784 met Jacoba Johanna Gouws getroud.⁴⁶⁹ In 1792 het die gesin in die Uitenhage-distrik gewoon.⁴⁷⁰

Andries Johannes Swanepoel en sy tweelingbroer, Christiaan Adriaan Swanepoel (derde geslag), is op 12 Julie 1797 (in sy sterftেকennis is dit aangedui as Augustus 1795) in Graaff-Reinet gebore. Andries Johannes is op 6 Februarie 1820 op Cradock met Heila Johanna Venter getroud. Hy is op 10 Julie 1855 in die Aberdeen-distrik (agter Zuurberg) oorlede.⁴⁷¹

Hendrik Stephanus Johannes Bernardus Swanepoel (vierde geslag) is op 4 Oktober 1833 op Renosterberg gebore en op 20 April 1834 in die Graaff-Reinet-distrik gedoop. Hy is op 13 September 1858 met Geertruida Johanna Magdalena Strydom op Burgersdorp (Oos-Kaap) getroud. Na haar dood het hy op 28 Augustus 1865 met Hester Jacoba Kruger in Burgersdorp hertrou. Uit die doopregisters van die kinders kan gesien word dat Hendrik eers na 1880 na die Noordweste getrek het en dus nie die Groot Trek meegemaak het nie. Sy jongste kind is in Potchefstroom gedoop en al die ander in Burgersdorp. Sy adres ten tye van sy eerste huwelik was Aliwal-Noord en ten tye van sy tweede huwelik is dit aangegee as Rietfontein, Prins Albert. Sy tweede en derde name is omgeruil in die NG Gemeente Burgersdorp se huweliksregister. Sy eerste drie kinders is uit sy eerste huwelik gebore en sy vierde, vyfde en sesde kinders is uit sy tweede huwelik gebore.⁴⁷²

⁴⁶⁹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 552.

⁴⁷⁰ KAB, Opgaafrol J110 (Argiefgroep J), Opgaafrolle, Stellenbosch en Drakenstein, 1716-1795, in die Kaapse Argiefbewaarplek.

⁴⁷¹ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 686.

⁴⁷² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 686.



*Figuur 102: Die NG Kerk Burgersdorp*⁴⁷³

5.3.5. Sara Johanna Susanna Cooks (Swanepoel)

Sara Johanna Susanna Swanepoel (b3c8d6e3f3) is op 22 Januarie 1865 gebore en is met William Henry Cooks getroud.⁴⁷⁴

⁴⁷³ J. Fourie, Google.co.za-webwerf, “NG Kerk Burgersdorp” by <http://www.google.co.za/search?q=Burgersdorp+Church+photo&hl=en&sa=G&prmd=ivns&tbn=isch&tbo=u&source=univ&ei=SUTdTZW1Pluq8AOh3Yj2Dw&ved=0CBoQsAQ&biw=1280&bih=625>, 16 April 2012.

⁴⁷⁴ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *’n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304; JCPA, Lêer 2, Sussara Susanna Cooks (Swanepoel) en William Henry Cooks.



Figuur 103: Sussara Susanna Cooks (Swanepoel) en William Henry Cooks ⁴⁷⁵

William Henry Cooks was 'n burger van die Eerste Volksraad.⁴⁷⁶ Terwyl hy saam met Generaal De la Rey op kommando was, is hy op 15 Januarie 1901 op die plaas Haakboslaagte deur die weerlig gedood. Hy is op Witpan (Lichtenburg-distrik) begrawe.⁴⁷⁷ Sy naam verskyn op die Burger-monument in die park op Lichtenburg. Hy was die broer van Andrew Peter Cooks.⁴⁷⁸



Figuur 104: Burger-monument ⁴⁷⁹

⁴⁷⁵ JCPA, Lêer 1, foto's van Sussara Susanna Cooks (Swanepoel) en William Henry Cooks.

⁴⁷⁶ (TAB TKP 152) _03, William Henry Cooks, 12 Maart 2011.

⁴⁷⁷ JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970.

⁴⁷⁸ Andrew Peter Cooks, broer van William Henry Cooks is met Rachel Helletje Swanepoel getroud.

⁴⁷⁹ JCPA, Lêer 1, *Burgher-monument op Lichtenburg*; JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970.



*Figuur 105: Burger-monument*⁴⁸⁰

Volgens W.J. Hartzler was Sussara Susanna (Sannie) Cooks (Swanepoel) op die plaas Vaalbank tydens die oorlog⁴⁸¹ en is sy saam met vyf kinders in die Klerksdorp-konsentrasiekamp opgeneem.⁴⁸²

5.3.6. Willem Jacobus (Oom Boeta) Swanepoel

Willem Jacobus Swanepoel (b3c8d6e3f5) is op 11 Oktober 1869 gebore en met Anna Maria Jacoba (Annie) Hartzler,⁴⁸³ gebore op 21 September 1871, op Vaalbank in die Lichtenburg-


⁴⁸⁰ JCPA, Lêer 1, Burgher-monument op Lichtenburg; JCPA, Lêer 1, *Korrespondensie: James Andrew Cooks-John George Cooks*, 26 Januarie 1970.

⁴⁸¹ I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzler Sage*, p. 41.

⁴⁸² TAB, DBC 1978, Cooks, Sussara Susanna,(33), Anna (13), Willem (12), Nancy (6), Isabella (3), Agnes (1) Stamp Sent to Klerksdorp.

⁴⁸³ Anna Maria Jacoba Hartzler is die suster van Willem Jacobus Hartzler wat met Isabella Jacoba Swanepoel getroud is (broer en suster is met broer en suster getroud).

distrik getroud. Sewe seuns en drie dogters is uit die huwelik gebore. Tydens die oorlog is Annie saam met haar kinders in die Klerksdorp-konsentrasiekamp opgeneem. Hulle seun, Willem Jacobus Swanepoel, gebore 1899, is in die kamp oorlede.⁴⁸⁴ Willem het onder bevel van Generaal De la Rey in die oorlog geveg. Hy is gevange geneem en na Ceylon gestuur.⁴⁸⁵ Die eerste krygsgevangenes het op 9 Augustus 1900 in Ceylon aangekom maar dit is nie bekend wanneer Willem gevange geneem is nie.



*Figuur 106: Willem Jacobus- en Anna Maria Jacoba Swanepoel (Hartzer) en dogter*⁴⁸⁶

5.3.7. Abraham Christoffel Johannes Swanepoel

Abraham Christoffel Johannes Swanepoel (b3c8d6e3f1) is op 4 April 1860 gebore en is met Anna Gesina Potgieter getroud. Uit die huwelik is 4 seuns en 3 dogters gebore.⁴⁸⁷ Voor die

⁴⁸⁴ I. Ueckermann & F.S. Malan, *Die Hartzer Sage*, p.41

⁴⁸⁵ TAB, MHG, system 01, reference 91340, Part 1, Swanepoel, Willem Jacobus; A.J. Swanepoel, *in Geslagregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 304; J.E. Fourie, Boere Vryheid-webwerf, “*Naamllys van Boere bannelinge gedurende anglo-Boere Oorlog*” by <http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?25435-Naamllys-van-Boere-bannelinge-gedurende-anglo-Boere-Oorlog/page6>, p. 79, 26 Julie 2012.

⁴⁸⁶ JCPA, Lêer 2, *Willem en Anna Maria Jacoba Swanepoel (Hartzer)*.

uitbreek van die oorlog was Abraham 'n sersant in die berede polisie van die ZAR en die familie was woonagtig in Vrededorp, Johannesburg.

Volgens 'n kompensasie-eis wat hy op 10 Januarie 1903 ingedien het, was sy vrou, Anna Gesina, in die Barberton-konsentrasiekamp. Geen bewys vir Swanepoel se bewering, soos in die volledige eisdokument, bevestig dat Anna Gesina in die Barberton-konsentrasiekamp opgeneem was nie. Hulle name verskyn nie in die *Barberton Residents Register* nie⁴⁸⁸ en die twee registers vir sterftes in die kamp bevat ook nie 'n inskrywing vir een van hulle nie.⁴⁸⁹ Volgens rekords van die Mafikeng-konsentrasiekamp is Anna Gesina op 18 Mei 1901 saam met die jongste ses van haar sewe kinders in die Mafikeng-konsentrasiekamp in Tent 24c opgeneem. Volgens gegewens in die Mafikeng opnameregister was sy van Lichtenburg afkomstig (addendum F).⁴⁹⁰

Die oudste kind, Pieter Andreas, is nie saam met sy ma en jonger broers en susters opgeneem nie omdat hy vermoedelik as 15-jarige aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het. Sy name verskyn nie op die lys van krygsgevangenes nie en daar is ook nie 'n sterfkennis van hom in die Transvaalse argief nie. Twee van die dogters, Anna Gesina, en Isabella Jacoba, is in die kampregister as 'n 10-jarige tweeling aangedui,⁴⁹¹ terwyl die *Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika* aandui dat hulle gedurende 1890 en 1892 gebore is.⁴⁹² Op 9 Februarie 1902 sterf Anna Gesina in die Mafikeng-konsentrasiekamp en op haar kampdoodsertifikaat is die oorsaak van haar dood as pneumonie en geelsug aangedui.⁴⁹³ (Haar dood is met 'n rooi streep deur haar naam

⁴⁸⁷ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 303.

⁴⁸⁸ TAB, DBC, 54, "*Barberton Burgher Camp se registers, 1901-1902*".

⁴⁸⁹ TAB, DBC, 55 en 56, "*Barberton Burgher Camp se registers, 1901-1902*".

⁴⁹⁰ TAB, DBC, 158, "*Mafeking Burgher Camp: Register of residents Nov 1900-Aug 1902*".

⁴⁹¹ TAB, DBC, 158, "*Mafeking Burgher Camp: Register of residents Nov 1900-Aug 1902*".

⁴⁹² A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, p. 303.

⁴⁹³ TAB, DBC, 159: *Mafeking Burgher Camp: Certificates of death: Counterfoils, Oct 1900-Jul 1902*.

aangedui waarbo geskryf is 'died 9.2.1902'). Na die oorlog het Abraham kompensasie geëis vir verliese wat hy gedurende die oorlog gely het. 'n Opsomming van die eis is in die dokument hieronder aangedui (addendum K).⁴⁹⁴

C.J.C. 202.

District Johannesburg
JOHANNESBURG
 COMPENSATION CLAIM NO. 282
 for War Losses
 at on Commando
 Made by S. C. J. Swanepoel
 Residing at Street 11 Land 229 Mededorp

1798-3/10/02-20,000

No. of Item.	Description of Item.	Amount claimed.	Amount recommended.
1	Two horses	65	-
2	A Cart	20	20
3	Hoeve	25	-
4	do	25	-
5	Building	40	-
6	Furniture	54 16	40
Total		229 16	60

Central Judicial Commission
 RECEIVED
 10 JAN 1903
 TRANSVAAL

Figuur 107: Abraham Christoffel Johannes se kompensasie-eis

In die volledige eisdokument is aangedui dat Abraham tydens die oorlog sy werk in die berede polisie verloor het. Sy huis, perdekar, perde en meubels is vernietig.⁴⁹⁵ Abraham se

⁴⁹⁴ JCPA, Lêer 2, Kompensasie eis van Abraham Christoffel Swanepoel.

naam kom voor in 'n lys van persone wat tydens die oorlog op 3 Maart 1901 geïnterneer is in die Madras-kamp in Indië (prisoniernommer 18280).⁴⁹⁶

5.4. Sosio-kulturele ontwikkeling

Met die aankoms van Pieter Jansz Swanepoel aan die Kaap was daar reeds 'n paar kerke in die Kaap gestig. As deel van die uitbreiding van die grense tot met die vestiging van die geselekteerde Swanepoel-familie in Noordwes is die Swanepoel-kindere gedoop en huwelike is in die kerke voltrek. As die omstandighede van lang afstande, perdekarre en ossewaens om mense te vervoer, in ag geneem word, kan afgelei word dat hulle geestelike meelewing vir die Swanepoel-familie prioriteit was.⁴⁹⁷

Kulturele ontwikkeling is 'n groeiproses oor jare. Gebeure en omstandighede waar gemeenskappe en gesinne gelukkig bymekaar is, waar prettige situasies ontwikkel en veral ook by die vreugde van die arbeid, lei tot die vorming van 'n bepaalde leefstyl. Die boerelewe van daardie tyd was hoofsaaklik die teelaarde van die skeppende kultuurvorm, volkspele. Gesinne en groepe het soms spontaan saamgesing van die dinge wat hulle doen en beleef het. Dikwels het so 'n liedjie dan gestalte gekry in 'n speletjie wat 'n nabootsing was van dinge wat op die plaas gesien en gedoen is. Die liedjies soos *Vierperdewa*, *Kapkar* en *Nana bak mosbeskuit* is onder andere voorbeelde van sodanige handelinge. Volkspele

⁴⁹⁵ TAB, CJC, LEER, volume 797, system 01, reference 1119, part 1. Description: *Claims for compensation, Burgers, Johannesburg. Abraham Christoffel Johannes Swanepoel, 1903*; JCPA, Lêer 1, Argiefdokument van Abraham Christoffel Johannes Swanepoel se kompensasië eis.

⁴⁹⁶ TAB, Aanwys 2064: POW Lists (ABO) Volume 2, p.3; J.E. Fourie, Boere Vryheid-webwerf, "*Naamlys van Boere bannelinge gedurende Anglo-Boere Oorlog*" by <http://www.boerevryheid.co.za/forums/showthread.php?25435-Naamlys-van-Boere-bannelinge-gedurende-anglo-Boere-Oorlog/page6>, p. 79, 26 Julie 2012.

⁴⁹⁷ A.J. Swanepoel in medewerking met Aletta Maria Swanepoel, *'n Geslagsregister van Swanepoel-families in Suid-Afrika*, pp. 12-765.

was 'n uiting van blydschap en vermaak waaraan almal deelgeneem het en is entoesiasies deur die Afrikaanse gemeenskap beoefen.⁴⁹⁸

Swaarkry het ook 'n beduidende invloed op die Swanepoel-familie gehad. Die oorloë het 'n rol gespeel in die ontwikkeling van 'n sterk nasionalistiese gevoel onder die Boere. Daar het 'n haatgevoel teenoor die Britse Regering ontwikkel, wat bygedra het tot die latere totstandkoming van die Nasionale Party in 1910 en in 1948 aan bewind gekom het. Hierdie antipatie het tot lank ná die Driejarige-oorlog voortgeduur en is selfs vandag nog, in 'n geringe mate, sigbaar. Met die onthulling van die monument van burgers wat gedurende die Anglo-Boereoorlog in die Vrystaat gesneeu het, het president F.W. Reitz verwys na president Steyn, wat die volgende gesê het: "Haat zou ons als een Christen volk onwaardig zijn"⁴⁹⁹ en Reitz gaan verder, "maar wij moeten vergeten en vergeven alles wat vergeten en vergeven behoort te worden." Desnieteenstaande was 'n Boere-verraaier 'n skandvlek op die naam van elke familie en is "joiners" vermy.

Die nuwe omgewing waar die Boere hulle gevestig het, het ook 'n verdere rol gespeel in die ontwikkeling van die omgewingskultuur en daar is vandag nog merkbare verskille in die kultuur van mense uit verskillende streke van die land.

Direk na die oorlog het Afrikaner-nasionalisme opgebloeï. Mense het onderling saamgestaan om die na-oorlogse ontberinge die hoof te bied. Die groei en ontwikkeling van Afrikaans ná 1902 was 'n sterk samebindende krag.

Die sosio-kulturele ontwikkeling in hierdie era in die gebied waarin die Swanepoels hulle gevestig het, kan derhalwe as 'n Christelik-nasionale leefstyl beskryf word en is bepaal deur die kerklike meelewing, sosiale aktiwiteite en algemene gees van die tyd.

⁴⁹⁸ Ons Volkspede-erfenis-webwerf, "*Die Afrikaanse Volksang- en Volkspedebeweging*" by http://www.volkspede.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=93%3AAnato-restore-ties&catid=42%3Arokstories&lang=af, 5 Augustus 2012.

⁴⁹⁹ F.W. Reitz, *Oorlogs en andere Gedichten*, voorwoord, 1910, p.1.

5.5. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die sigbaarheid en rol van die vyfde geslag van die geselekteerde Swanepoels en hulle aangetroude familie nagevors en geboekstaaf.

Die navorsing van die familiegeskiedenis van hierdie vertakking van die Swanepoel-familie en die plasing van hulle lewens en aktiwiteite binne die breër konteks van die Suid-Afrikaanse geskiedenis dui aan dat hulle nie leiers of helde was nie, maar net gewone mense met 'n vryheidsdrang wat 'n Christelike lewensooruiging in 'n baie moeilike tyd probeer uitleef het.

Die rol en invloed van die kerk kan gesien word in hulle deurlopende erkenning van die huwelik en die doop. Die gegewens aangaande huwelike en doopplegtighede kon suiwer uit geestelike gronde wees, maar kon ook weens die tradisionele verbintenis van die Afrikaner met die kerk wees. Ongeag hulle motivering kan met reg beweer word dat die kerk en 'n Christelike lewensbeskouing 'n rol in die opvoeding van hulle kinders gespeel het.

Die lewensloop van die vyfde geslag van die geselekteerde vertakking van die Swanepoel-familie en hulle dade was nie so aardskuddend dat dit in die geskiedenisboeke opgeteken is nie. Drie vrouens het hulle mans gedurende die oorlog verloor en is agtergelaat met klein kindertjies om te versorg en groot te kry. Die mans en swaers het deelgeneem aan die verwoestende Anglo-Boereoorlog en twee van hulle het met hulle lewens betaal vir die vryheid waarna hulle gestreef het. Al vyf susters en twee skoonsusters was in die konsentrasiekampe en moes kinders weens die haglike omstandighede daar aan die dood afstaan. Die Vaalbank-plaashuis, wat as toevlugsoord vir die Swanepoel-susters gedien het, is afgebrand en die diere is weggevoer of doodgeskiet.

Hierdie geslag het gedoen wat hulle kon en moes in hulle tyd, binne die grense van hulle vryheid van keuse en plig in 'n era waarin die Republieke afgesny was van die politieke en maatskaplike ontwikkelings in Europa en slegs oor 'n elementêre infrastruktuur en beperkte vermoëns beskik het. Die gebrek aan inligting oor spesifieke families gedurende hierdie vestigingstyd in die Boere-republieke kan ook toegeskryf word aan die proses waarin 'n administratiewe stelsel gevestig moes word: 'n lang en stadige proses in 'n landstreek waarin kommunikasie ook langsaam was a.g.v. die uitgebreidheid van die gebied en die perd die

basiese vervoermiddel was. Hierdie opset kon ook 'n rede vir die introuery tussen die lede van die Swanepoel-familie wees.

Tog het hulle – soos soveel ander Afrikaner-families – 'n verskil gemaak as onderdele van die groter geheel; het hulle lewe (en sterwe) die grondslag gelê waarna in ons tyd verwys word as die Christelik-nasionale grondslag van die Afrikaner. Hierdie onbesonge lewens kan in historiese terugblik beoordeel word as onnoemenswaardig, maar het onteenseglik momentum gegee aan die wese van die Afrikaner aan die suidpunt van Afrika.

Die rol en invloed van die geselekteerde vertakking van die vyfde nageslag op die gebeure en denke van hulle tyd, met spesifieke verwysing na konfliktsituasies wat die gemeenskap as geheel en die individue afsonderlik geraak het, verweef hulle geskiedenis fyn met die geskiedenis van Suid-Afrika.